



Versoek vir Nominasies

AANSTELLING VAN VIER (4) LEDE IN DIE RAAD VAN DIE AGENTSKAP VIR MEDIAONTWIKKELING EN -DIVERSITEIT (AMOD)

Inrigtings en/of individue word hiermee uitgenooi om persone te nomineer om vier (4) vakature betreffende nie-uitvoerende lede in die Raad van die Agentskap vir Mediaontwikkeling en -diversiteit te vul, ingevolge artikel 4 van die Media development and Diversity Agency Act, Wet 14 van 2002.

Die AMOD is geskep om "histories benadeelde gemeenskappe en persone wat nie voldoende deur die media bedien word nie" in staat te stel om toegang tot die media te verkry. Die begunstigdes is gemeenskapsmedia en klein kommersiële media.

'n Raadslid is: • 'n Persoon wat hom/haar verbind tot regverdigheid, vryheid van uitdrukking, openheid en aanspreeklikheid • 'n Verteenwoordiger van 'n breë deursnit van die bevolking van die Republiek en beskik oor geskikte kwalifikasies, kundigheid en ondervinding op die gebied van onder meer: gemeenskapsmedia; maatskaplike, arbeids- en ontwikkelingskwessies; die media; die ekonomie, finansiële bestuur en finansiering; advertensies en bemaking; joernalistiek en uitsaaiprogrammering; medianavorsing; opleiding, geletterdheid en opvoeding betreffende die media; mediawetgewing; en beleid betreffende inligting- en kommunikasietegnologie; of enige ander verwante kundigheid of kwalifikasies. Genomineerdes moet ook Suid-Afrikaanse burgers wees wat permanent in die Republiek woon.

Skriftelike nominasies moet die volle naam en adres van die instelling en/of individu wat die nominasie maak sowel as die genomineerde se aanvaarding van die nominasie wat onderteken is en sy/haar Curriculum Vitae bevat, en ten minste die volgende inligting verskaf: • volle naam, ID-nummer en geslag • kontakadres, telefoon- en faksnummers, e-pos adres • vorige ondervinding (datums en organisasies verskaf) • gewaarmerkte afskrifte van akademiese kwalifikasies en identiteitsdokument.

Nominasies en navrae moet gerig word aan die Portefeuljekomitee oor Kommunikasie (Aandag: Mnr Thembinkosi Ngoma, komiteesekretaris), 3de Verdieping, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8000 of per e-pos aan tngoma@parliament.gov.za of gefaks word na 0865225740. Telefoniese navrae kan gerig word aan (021) 403 3733 of 0837098407.

Sluitingsdatum vir nominasies: Vrydag 6 Julie 2018 om 16:00. Let asseblief daarop dat genomineerdes onderwerp sal word aan 'n sekuriteitsklaring en kontroletoeitse betreffende hul kwalifikasies. Laat voorleggings sal nie oorweeg word nie.

Uitgereik deur mnr Humphrey Maxegwana, LP: Voorsitter, PK oor Kommunikasie.

Parliament. Making Democracy Work.